

Ontmoeting 5



Die doel van hierdie ontmoeting is om die kinders te help besef dat God sy beloftes nakom.

Teks: Gen 7-9

Hulpmiddels:

- Vilt of magneet prentjies van die vorige week
- Nuwe prente (altaar, kraai en duif, windwolk)
- "Pool Noodles" (wat in 'n swembad gebruik word) in verskillende kleure (*Stroke lap, lint of tou kan ook gebruik word*)
- 'n Plastiek- of regte mikrofoon
- 'n Groen takkie met blare
- Gekleurde papier in stroke gesny
- Kramdrukker
- Blou organza lap



WELKOM

- Plaas 5 "Pool Noodles" parallel aan mekaar op die vloer neer, 30 cm uitmekaar (sodat dit soos 'n reënboog lyk). Laat die kinders in 'n ry staan en jou volg. Stap oor die verskillende noedels terwyl jy met elke tree 'n woord van die frase "God hou sy beloftes" sê. Elkeen wat agter jou aanloop, moet die frase herhaal. Na 'n paar kinders deurgeloopt het, verander die afstand tussen die noedels (verder of nader) en gebruik dieselfde frase wat herhaal word.
- Sing die "welkom"-liedjie soos by die vorige ontmoetings.



WYDING

Temalied en stilword-ritueel soos by die vorige ontmoetings.



WOORD

Wees vreeslik dramaties en neem die mikrofoon (of 'n ander leier kan hom/haar vermom om 'n verslaggewer te wees):

"Goediedag julle! Ek hoor hier het verlede week iets vreesliks gebeur. Ek het gehoor van 'n hele familie mense wat saam met 'n hele spul diere op 'n massiewe boot geklim het en daar was nie eers 'n see naby nie! Wat weet julle hiervan?" (*Hou die mikrofoon voor van die kinders se gesigte dat hulle iets kan noem van wat verlede week gebeur het.*)

Gee kans vir die kinders om mekaar te herinner aan waar die storie van Noag verlede week gestop het.

"Wag, wag, ek sien hier gebeur iets onder hierdie lap. Kom ons kyk wat verder gebeur..."

(*Verteller van die storie neem oor.*)

Begin met jou bord met Noag en sy gesin wat uitsteek agter die ark. Jy kan: 1. 'n blou organza lap oor die bord gooi om die reën uit te beeld, of 2. Kinders vra om weerskante van die bord te staan en 'n blou lap voor die bord te skud om die woeste water uit te beeld.

Gen 7 (*Vertel met gevoel*): Noag, sy gesin en al die diere en voëls het in die ark ingegaan en Noag het die deur gesluit. Dit het begin reën. Dit het 40 dae en 40 nagte aangehou. Geweldige swaar reën het die aarde dag en nag geteister. Soos die water meer en meer geword het, het die ark stadig maar seker begin oplik totdat dit naderhand gedryf het. Die watervlak het elke dag gestyg. Die ark het op die water begin vaar. Naderhand was daar soveel water op die aarde dat die hoogste bergspitse oorstroom was. Die water het meer as 7 m bokant die hoogste pieke gevloei. Alles op die aarde is uitgewis. Alles wat op die aarde asem gehaal het, is uitgewis. Alles en almal is deur die water van die aarde af weggevee. Net Noag het oorgebly saam met

die wat by hom in die ark was.

Vir 150 dae lank het die watermassa oor die hele aarde gespoel. (Gen 8) God het aan Noag en sy mense in die ark gedink, ook aan al die diere saam met hom. God het 'n sterk wind oor die watermassa gestuur en die watervlak het stadig begin sak. (*Laat sak die blou lap en sit prentjie van windwolk op die bord.*) Al die onderaardse fonteine het opgehou om te vloei en al die donker reënwolke het begin verdwyn. Die water het so gesak dat die ark op die berg Ararat gaan staan het. Die water het aanhou sak totdat 'n mens weer die bergpieke kon sien. Nog 40 dae later het Noag die ark se luik oopgemaak en 'n kraai laat uitvlieg. (*Gee die prentjie van 'n kraai vir een van kinders om 'n draai deur vertrek te vlieg.*) Dit het heen en weer oor die water gevlieg en kon nie 'n plek vind om te gaan sit nie. Hy het 'n rukkie later 'n duif uitgestuur. (*Gee die duif vir 'n ander kind om 'n draai te vlieg.*) Die duif kon ook nêrens gaan sit nie en het teruggevlieg. 'n Week later het Noag weer die luik oopgemaak en 'n duif uitgestuur. Teen die aand se kant het die duif teruggekom met 'n vars geplukte olyfblaartjie in sy mond. (*Haal die takkie met vars blare uit en wys vir kinders.*) Noag het nog 'n week gewag en weer die duif uitgestuur. Dit het nie weer teruggekom nie en Noag het geweet die water het so weggesak dat 'n mens op die droë grond kon kom. Noag het die ark se deur oopgemaak en gesien die aarde is droog. God het toe vir Noag gesê: "Kom maar uit die ark uit. Jy en jou vrou, jou seuns en hulle vroue. (*Haal Noag en sy gesin agter die ark prentjie uit en plak hulle langs die ark. Bring ook al die diere uit. Haal 'n paar prente van diere agter jou bord uit en plak langs die ark.*)"

Noag het toe 'n altaar vir die Here gebou. (*Sit die altaar op.*) Hy het van die rein diere en voëls as brandoffer vir die Here geslag. Toe die Here die heerlike geur ruik, het Hy gesê: "Ek sal nooit weer die aarde vervloek oor die mense nie, want die mens is sleg van kleins af. Ek sal nooit weer so iets verskrikliks doen nie. Nooit weer sal ek die mens en dier so totaal uitwis nie. Solank as wat die aarde bestaan, sal saaityd, oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou bestaan nie." (Gen 9) God het toe vir Noag en sy seuns gesê: "Ek maak 'n ooreenkoms met julle en julle kinders en al die diere wat saam met julle in die ark was. Nooit weer sal 'n watervloed alle mense en diere doodmaak nie. Ek gee vir julle 'n teken van my ooreenkoms: Kyk hoog bo in die wolke sit Ek 'n reënboog. Dit is 'n teken van My ooreenkoms tussen my en die aarde. Elke keer wanneer dit reën en jy die boog in die wolke sien, sal Ek aan die ooreenkoms dink tussen my en jou en elke lewende wese, dat hulle nooit weer deur 'n watermassa vernietig sal word nie."

God het vir Noag en sy familie opdrag gegee om van voor af die aarde te bewoon en meer te word.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe Noag en sy gesin gevoel het toe hulle by die ark uitstap.
2. Ek wonder wat het Noag vir God gesê terwyl hy die offer gebring het.
3. Ek wonder wat beteken die belofte van die reënboog vir jou.



- ◆ Lees en memoriseer Psalm 145:13 "Alles waaroor U regeer, is vol glans en glorie. U regeer van altyd af. U sal ook vir altyd regeer. U heers oor almal op aarde." (*Hierdie teks pas in by Gen 8:22 wat deel vorm van God se belofte aan ons.*) Bring variasie d.m.v. kleure. Noem 'n kleur en laat al die kinders wat daardie kleur in hulle klere het, die vers saam met jou sê.
- ◆ Help die kinders om 'n reënboog van papier te maak (*sien instruksies*). Ouer kinders kan eers beloftes van God aan hulle, of die teksvers wat hulle gememoriseer het, op die reënboogkleure skryf.
- ◆ Neem die "pool noodles" van die "welkom"-speletjie en sit dit teen 'n muur vas. Probeer dit effens buig dat dit lae van 'n reënboog kan vorm. Neem klein stukkie gekleurde papiertjies en skryf op elkeen 'n belofte van God aan jou neer. Plak of steek dit vas teen die "pool noodles" om 'n reënboog van beloftes te maak.
- ◆ Verf reënboogkleure in 'n koekpannetjie wat met foelie uitgevoer is. Spuit skeerroom bo-oor. Laat die kinders prentjies in die skeerroom teken met hul vingers. Die reënboogkleure skyn deur.

Sluit af met die seënbede.



